

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 50: Ki Tavo** – Wanneer Jy Binnegaan

*Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהודה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly..... Deut. 26:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah** : Deut. 26:1 tot 29:8

**Haftarah:** Jes. 60:1 tot 22

**Nuwe Verbond:** Luk. 6:38; Luk. 21:1 tot 4; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Tim. 5:17 en 18; Matt. 5:17 tot 19; Joh. 14:15; Rom. 3:31; Rom. 7:12 en 14; 1 Joh. 2:3 tot 6; Open. 12:17; Open. 14:12; Open. 22:14; Matt. 5:16; Joh. 17:11 en 14; Fil. 2:15; Titus 2:14; 1 Pet. 2:9 en 12; Rom. 1:18; 2:6 tot 11; 2 Kor. 5:10; Open. 20:11 tot 15; Open. 22:11 tot 15.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 50 wat afgelaai kan word by: [Parashah50Notas14](#) en [Parashah50Notas15](#) en [Parashah50notas16](#).

*Religion today is not transforming people; rather it is being transformed by the people. It is not raising the moral level of society; it is descending to society's own level, and congratulating itself that it has scored a victory because society is smilingly accepting its surrender – A. W. Tozer.*

*We want to be saved, but insist that Christ do all the dying. No cross for us, no dethronement, no dying. We remain king within the little kingdom of Man's soul and wear our tinsel crowns with all the pride of a Caesar; but we doom ourselves to shadows and weakness and spiritual sterility – A.W. Tozer.*

<sup>1</sup>Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Torah Bespreking

### Hersiening

In verlede week se Torahstudie was die fokus op verhoudinge, naamlik die verhouding in die huwelik, die gesin en die familie, asook op verhoudinge met medemens. Torah-gefundeerde verhoudinge begin met elkeen se verhouding met sy Skepper-God en die vrug daarvan verseker wedersydse vertroue en respek in die huwelik, in die gesin en familie, asook in die gemeenskap.

Alle huwelike, gesinne en families, asook 'n gemeenskap se suksesvolle en veilige voortbestaan is afhanklik van wedersydse vertroue en respek. Dit het alles te doen met die opdrag om YHVH lief te hê met jou hele wese en dat jy jou naaste lief moet hê soos jouself (Deut. 19:18; Luk. 10:27). 'n Samelewing waar almal die sekerheid kan hê dat elkeen sal omsien na die ander se belange is die vervulling van die wet van liefde vir jou naaste, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie!

Verlede week se Torahstudie het begin met: *wanneer jy uitgaan....* en dié week se Skriflesing begin met: *wanneer jy ingaan.....!* Die *uitgaan* was om teen die vyand te gaan veg, en die *ingaan* was om in Beloofde Land te woon en volgens die Torah van Moses te lewe.

Hierdie is ook 'n sinnebeeld van die gelowiges in die nuwe verbond. Ons gaan ook uit om teen ons vyande, naamlik die vyande van die Hemelse Koninkryk, te veg en ons het in die Hemelse Koninkryk ingegaan om daar volgens die Torah van Yeshua van die nuwe verbond te lewe.

Die Hemelse Koninkryk is ons erfenis en ons is mede-erfgename van Yeshua

*16*Daardie Gees getuig tot ons gees dat ons kinders van God is *17*en as ons kinders is, dan ook erfgename. Erfgename van God en mede-erfgename van Yeshua, Die Gesalfde Een, want as ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God smaak. Rom. 8:16 en 17.

*As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:29.*

Vir ons as deel van die nuwe verbond in Yeshua, belowe Vader ook 'n *belofde land van melk en heuning* – 'n lewe van oorvloed in Yeshua (Joh. 10:10). Dit is ons erfenis volgens die nuwe verbond en die testateur, Yeshua, het gesterwe sodat ons die beloftes in besit kan neem (Heb. 9:15 tot 17).

*15* As gevolg hiervan is Hy Tussenganger van 'n nuwe verbond, want in Sy dood was Hy Verlossing vir die wat teen die eerste verbond oortree het sodat ons die belofte mag ontvang, die wat geroep is tot 'n ewige erfenis, *16*want waar daar 'n testament is, wys dit die dood van hom wat dit opgestel het, *17*want dit is slegs geldig vir 'n dooie, want solank die opsteller leef het dit geen gebruik nie.

Hierdie beloftes (erfenis) het egter ook voorwaardes wat dieselfde is as wat vir Israel van ouds gegeld het, naamlik: Gehoorsaamheid aan Torah en vertroue om die beloftes in besit te neem. Vertroue in YHVH en getrouheid aan YHVH! Soos Israel van ouds die Torah van Moses van die ou verbond moes gehoorsaam, so moet ons die Torah van Yeshua van die nuwe verbond gehoorsaam.

Wedergeboorte is om aan te meld vir dienswerk in die Hemelse Koninkryk – ‘n bereidwilligheid om die “Belofde Land” in besit te neem deur gehoorsaamheid en vertroue!

### **Elkeen moet kies!**

Die hart van hierdie week se Torahskriflesing gaan oor die keuse wat elke mens het, naamlik: Gaan ek met ‘n liefdevolle en dankbare hart gehoorsaam wees aan YHVH se Vaderlike onderrig, Sy Torah, of gaan ek myself regverdig en volgens my eie geestelike en morele standarde leef?

Die vraag is dus: Begeer ek om terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid in Yeshua my Messias wat deur Sy folterdood vergifnis vir my oortredinge van die Torah van Moses bewerkstellig het en die Middelaar geword het van ‘n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb. 8:6)? Paulus verduidelik dit soos volg in Rom. 7:4 tot 6.

*<sup>4</sup>Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan ‘n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra, <sup>5</sup>want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, <sup>6</sup>maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie.*

Deur die onverdiende guns wat aan ons in Yeshua geskenk is, is ons bekwaam gemaak om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat in die Torah van Moses geskryf is nie, want die geskrewe woord maak dood, maar deur die Afgesonderde Gees wat lewe gee (2 Kor. 3:6)! Ons is nie meer slawe van die Torah van Moses nie, maar ons is nou slawe van wat nuut is uit die Gees!

*<sup>1</sup>Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, <sup>2</sup>want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, <sup>3</sup>want omdat die wet swak was, deur die sieklike van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel <sup>4</sup>sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.*

### **Bepeins of Bespreek.**

1. Die Skrifte leer dat elke mens alleenlik deur vertroue in Yeshua as Messias, die Lam van God, geregverdig verklaar word en **nie** deur onderhouding van die wet nie (Rom. 3:21 en 28; Rom. 5:1). Om deur vertroue in Yeshua geregverdig verklaar te word, is die onverdiende guns (genade) van YHVH. Onverdiende guns beteken die mens het niks om by te dra nie, behalwe net om te vertrou! Sou daar van die mens verwag word om ‘n bydrae, anders as slegs vertroue, te lewer, dan is dit nie meer onverdiende guns nie, maar wel verdienste! Dan het Yeshua verniet aan die folterpaal vir ons sondes gesterwe!
2. Wedergeboorte is die vrug van YHVH se onverdiende guns en elkeen se lewe moet voortaan vrug dra wat by die bekering pas (Matt. 3:8). Is hierdie vrug die resultaat van gehoorsaamheid of van onverdiende guns? Ons gaan steeds in ons pogings tot gehoorsaamheid misluk, want die vlees is swak! Daarom word ons deur onverdiende guns gered en is dit deur YHVH se onverdiende guns wat ons as geregverdigdes lewe!

## Word dan wakker!!

Toe Yeshua die gelykenis van die tien maagde vertel het, het Hy dit geëindig met hierdie woorde:

*10Terwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom en die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die troulokaal en die deur is toegemaak. 11Agterna kom ook die ander maagde en sê: 'Ons meester, ons meester, maak vir ons oop,' 12maar hy antwoord en sê vir hulle: 'Dit is waar, ek sê vir julle, ek het nie 'n verbondsverhouding met julle nie.' 13Word dan wakker omdat julle die dag en die uur nie weet nie. Matt. 25:10 tot 13.*

Ons leef in die seisoen waar profesie oor eindtydgebeure voor ons oë bewaarheid word. Indien ons kyk na die huidige wêreldgebeure dan word ons herinner aan Yeshua se woorde:

*9Wanneer julle hoor van oorloë en onstabiliteit, moenie bang wees nie, want dié dinge moet eers gebeur, maar die einde het nog nie gekom nie. 10Nasie sal opstaan teen nasie en koninkryk teen koninkryk; 11groot aardbewings sal op verskillende plekke wees, hongersnood, epidemies, paniek en angs, daar sal ook groot tekens aan die hemel kom en daar sal groot storms wees. Luk. 21:9 tot 11*

*25Daar sal tekens wees aan die son, aan die maan en aan die sterre en op die aarde: die lyding van nasies en die saamgryp van hande oor die harde dreuning van die see 26en 'n aardbewing wat mense se gees van angs sal uitdryf oor wat oor die aarde gaan kom en die leërmagte van die hemel sal geskud word. Luk. 21:25 en 26.*

Die derde, en die laaste, feesseisoen in YHVH se jaarlikse siklus van afspraak (Vasgestelde Tye) met sy kinders is sinnebeelde wat deel uitmaak van hierdie eindtydgebeure.

Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges in Yeshua die profetiese betekenis van hierdie laaste afspraak van YHVH moet gedenk en verstaan, naamlik die Fees van Trompette (die Fees van Basuin, *Yom Teruah*), die Dag van Versoening (*Yom Kippur*), die Fees van Tabernakels (*Sukkot*) en die Agste Dag (*Shemini Atzeret*). Hierdie Vasgestelde Tye (feestyte) word voorafgegaan deur 'n tydperk van selfondersoek, berou en verootmoediging bekend as *teshuvah* wat eindig op die Dag van Versoening.

Ons is met die lees van hierdie week se Torahskriflesing steeds in die tyd van *teshuvah* – die veertig dae van selfondersoek. *Teshuvah* beteken *terugkeer*. Dit is om terug te keer na Torah, naamlik na YHVH se liefdevolle onderrig vir 'n lewe as geregverdigde in Yeshua Messias. Dit is om met berou en verootmoediging “terug te keer” nadat selfondersoek gedoen is van jou geestelike welstand en van jou verhouding met YHVH Yeshua en jou medemens.

Daar is geen Skriftuurlike opdrag vir *Teshuvah* nie, maar aangesien terugkeer met berou na die weë van die Vader ook sentraal staan vir elke gelowige van nuwe verbond, word *Teshuvah* as deel van die gelowige in Yeshua se Hebreeuse erflating gesien.

*Teshuvah* is 'n geleentheid om terug te keer na die Vader se plan vir jou en my lewe – 'n lewe om gelykvormig te word aan Sy Eersgeborene, Yeshua Die Gesalfde Een. Dit is 'n geleentheid vir 'n geestelike voorraadopname en 'n geleentheid vir elkeen om op *Yom Kippur* voor die Almagtige met vrymoedigheid te kan verskyn.

Dit is om soos die wyse maagde gereed te wees, want ons weet nie wanneer die dag en die uur gaan aanbreek wanneer die laaste Vasgestelde Tye vervul sal word nie! Gedurende *teshuvah* blaas die basuin (die ramshoring; die *shofar*) elke dag en is dit 'n oproep om geestelik wakker te word!

Die laaste drie Vasgestelde Tye, tesame met die Agste Dag, is 'n heenwysing na Yeshua se wederkoms as die Koning van konings en as die Leeu van Juda – die Een wat YHVH se parskuip sal trap (Open. 19:15), en wat sal kom om hier op aarde vir ewig te regeer. Die afspraak op die Agste Dag is 'n sinnebeeld van 'n nuwe begin nadat YHVH Sy plan van herstel voltooi het. Die verhouding tussen YHVH en die mens sal dan herstel wees soos wat dit in die begin voor die sondeval was! Daarom is hierdie laaste seisoen van afsprake met YHVH van so groot belang en moet ons die betekenis daarvan verstaan. Dit is 'n kleedrepitisie vir die afspraak wat YHVH die Almagtige nie net met Sy volk het nie, maar ook met die mensdom.

Die feit dat die eerste vier Vasgestelde Tye presies volgens profesie op die aangewese datums vervul is, is bevestiging en bewys dat die vier oorblywende afsprake ook presies volgens profesie vervul sal word. Hierdie feit is bevestiging dat ons met erns en toewyding hierdie afsprake op YHVH se kalender moet gedenk. Dit moet vir ons as gelowiges 'n blye verwagting en 'n salige hoop op die wederkoms van ons Messias wees.

### **Die Geestelike Betekenis van Yom Teruah**

'n Belangrike kenmerk van *Yom Teruah* is, soos reeds genoem, die blaas van die ramshoring (*shofar*, basuin). Daarom staan hierdie fees ook bekend as die dag van die Groot Ontwaking deur die blaas van die shofar. Nie alleen is dit 'n oproep om uit ons geestelike slaap wakker te word nie, maar verwys dit ook na die opstanding van die wat in Messias gesterf het en wat dan saam met die geregverdigdes wat nog lewe weggeraap (weggevoer) sal word.

*13Broers, ek wil hê dat julle moet weet dat julle nie moet rou oor die wat dood is soos die res van die mensdom wat geen versekerde verwagting het nie, 14want as ons vertrou dat Yeshua gesterf en opgestaan het, dan net so, dat God die wat in Yeshua dood is, saam met Hom bring, 15want dit sê ons vir julle na aanleiding van die boodskap van ons Meester, dat ons wat in die lewe oorbly wanneer ons Meester kom, die wat dood is, nie sal vóór wees nie, 16want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met 'n bevel, met die stem van die hoof engel en met die geklank van die trompet van God en dié wat in Die Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan 17en dan sal ons wat nog in die lewe is, saam met hulle as een in die wolke ingedra word na 'n ontmoeting met ons Meester in die lug en op die manier sal ons vir altyd by ons Meester wees. 18Versterk mekaar daarom met hierdie boodskap. 1 Thess. 4:13 tot 18.*

Die Fees van Trompette is dus 'n herinnering en oproep om uit ons geestelike slaap wakker te word en die werke en begeertes van die vlees te los. Die basuingeklank is 'n oproep om terug te keer tot 'n lewe as geregverdigde en 'n lewe van afsondering (heiligmaking) deur gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is. Dit is ook 'n herinnering om geduldig op die uitkyk te wees, want Yeshua se wederkoms is naby.

*Julle moet ook net so geduldig wees, versterk julle verstand, wil en emosie, want die koms van ons Meester kom nader. Jak. 5:8.*

Ons weet nie die dag en die uur van Yeshua se koms nie, maar ons kan die seisoen waarneem. Daarom moet ons besig wees met die dinge wat YHVH behaag sodat ons vlekkeloos bevind mag word met die blaas van die laaste basuin. Die basuin se geroep herinner ons om altyd gereed te wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur wat ons dit nie verwag nie

*36maar wat betref daardie dag en die uur weet niemand nie, selfs nie die boodskappers van die hemel nie, maar slegs die Vader alleen, 37maar net soos die dae van Noag was, so sal*

ook die koms van die Seun van die mens wees, <sup>38</sup>want net so was hulle voor die vloed; hulle het geëet en gedrink, vroue en mans gevat, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het <sup>39</sup>en nie verstaan het voordat die vloed gekom en almal weggevat het nie. Net so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. <sup>40</sup>Dan sal daar twee in die veld wees; die een sal weggelei word en die een sal gelos word. <sup>41</sup>Twee vroue sal in die meulhuis maal; die een sal weggelei word en die een sal gelos word. <sup>42</sup>Word dan wakker omdat julle nie weet watter uur julle Meester kom nie, <sup>43</sup>maar weet dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd die dief sou kom, sou hy wakker gewees het en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie; <sup>44</sup>daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom daardie uur wat julle dit nie verwag het nie. Matt. 24:36 tot 44.

Laat ons dus nie die woorde in Open. 22:12 tot 14 vergeet nie:

<sup>12</sup> “Let op, Ek kom dadelik en My beloning is by My en Ek sal vir elkeen gee volgens sy dade. <sup>13</sup>Ek is Alef en Ek is Tau, die Eerste en die Finale, die Oorsprong en die Afhandeling. <sup>14</sup>Geseënd is dié wat Sy opdragte gehoorsaam, want hulle sal outoriteit hê om te gaan na die boom van die lewe en sal ingaan deur die poorte in die stad in

*Yom Teruah* is ook ‘n herinnering om ons voor YHVH te verootmoedig en te vra dat Sy Gees ons harte ondersoek sodat ons seker kan wees dat ons *vlekkeloos en skuldloos voor Hom gevind mag word in vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid* (2 Pet. 3:14).

*Yom Teruah* is die dag waarop ons ‘luidkeels’ verklaar wie YHVH ons God is. Ons maak hierdie ‘n innerlik waarheid sodat dit ‘n lewende, praktiese deel van ons daaglikse realiteit word. YHVH-God is Oppermagtig, die Skepper, die Onderhouer en die Toesighouer! Kortliks, YHVH-God is die Koning van die heelal. Op die dag verklaar ons ook dat Yeshua is die Gesalfde Een aan wie YHVH alle gesag gegee het.

Daarom: Herinner mekaar aan die onverdiende guns van sondevergifnis deur die kosbare bloed van Yeshua! Onthou: Yeshua se wederkoms is naby en die tyd vir vergifnis en versoening is nou!!! Ons moet geestelik wakker wees!!

### **Is *Rosh HaShanah* Skriftuurlik?**

Die vraag moet gevra word: Gaan jy saam met Rabbynse Judaïsme die Vasgestelde Tyd van Trompette (*Yom Teruah*), ook as *Rosh HaShanah*, gedenk? Vind ons *Rosh HaShanah* in die Torah van Moses?

Soos reeds genoem is *Yom Teruah* ‘n gedenktag deur basuingeklink, naamlik die blaas van die basuin, hoewel daar nie gesê word wat gedenk moet word nie! Ons vind die opdrag in Lev. 23:23 tot 25

*יהוה* het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus. Dit is ‘n gedenktag deur die blaas van die ramshoring (*shofar*), ‘n afgesonderde byeenkoms. Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan *יהוה* ‘n offer, deur vuur.’” Lev. 23:23 tot 25

Die letterlike betekenis van *teruah* is om ‘n groot geraas te maak. Hierdie kan die geraas van ‘n trompet of ramshoring beteken, maar kan ook verwys na die geraas wat ‘n groot groep mense maak wat gesamentlik hardop uitroep! ‘n Voorbeeld hiervan is in Jos. 6:5.

*Dit sal wees, as julle die geluid van die horing hoor wanneer hulle ‘n lang klink op die ramshoring blaas (Tekiah), moet die hele volk hard uitskreeu van vreugde en die stadsmuur sal plat inval en die volk moet ingaan, elke man reg vorentoe.*

Die werkwoord *ruah* verwys dikwels na die gesamentlike luidkeelse geroep van YHVH se volk.

*Al die volke, klap julle hande! Skreeu (ruah) dit uit tot God met 'n klank van triomferende vreugde. Ps. 47:2.*

*Vir die musiekleier: 'n gedig met instrumentale musiek; 'n lied. Roep uit (ruah) tot eer van God, alle lande! Ps. 66:1.*

Volgens YHVH se kalender vind die Fees van die basuin op die eerste dag van die sewende maand plaas, maar volgens die kalender van Rabbynse Judaïsme is hierdie die eerste dag van die eerste maand Tishri. Hiervolgens word Yom Teruah dus op die eerste dag van die nuwe jaar volgens Rabbynse Judaïsme gedenk en is daarom bekend as *Rosh HaShanah* wat *die kop van die jaar* beteken. Hierdie is egter teenstrydig met wat Torah ons leer, naamlik dat YHVH se kalender op die eerste dag van die eerste maand bekend as Nissan begin.

*יהוה het met Moshe en Aharon in die land van Mitzrayim gepraat en gesê: "Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. Ex. 12:1 en 2.*

Volgens Rabbynse Judaïsme se kalender is YHVH se sewende maand van die jaar dus die eerste maand van die nuwe jaar! Verwarrend?! Rabbynse Judaïsme regverdig hulself deur *Rosh HaShanah* te beskou as die geboortedag van die wêreld op grond van die eerste Hebreeuse woord in Gen. 1:1 wat lees *b'reshiyth* ..... Indien hierdie woord omgedraai word lees dit *Aleph b'Tishri* wat *die eerste van Tishri* beteken. Op hierdie dag, so word geglo, het YHVH Sy skepping voltooi. Daar is egter geen Skriftuurlike bewys daarvoor nie, veral indien in aanmerking geneem word dat YHVH die maande van die jaar nie name gegee het nie, maar dit slegs numeries aangedui het.

Hierdie feit is duidelik volgens Levitikus 23 en Numeri 28:16 tot 31. Dit was gedurende die Babiloniese ballingskap wat die "wysgere" van ouds die Babiloniese name vir die maande van die jaar begin gebruik het. Die Jerusalem Talmud bevestig dit: "The names of the months came up with them from Babylonia." (Jerusalem Talmud, Rosh Hashanah 1:2 56d).

'n Verdere invloed wat die Babiloniese ballingskap gehad het, was op die viering van *Yom Teruah* as 'n nuwejaarsfees. Aangesien die Babiloniërs 'n maankalender gevolg het, en aangesien hulle nuwejaarsfees van *Akitu* (*Akitum* – *die oes van die gars*) op die eerste van die Babiloniese maand Tishri gedenk was, het dit die weg gebaan om *Yom Teruah* as 'n 'Joodse Akitu' te gedenk. Die feit dat die Torah nie 'n duidelike rede gee vir die viering van *Yom Teruah* nie, het dit makliker gemaak vir die Rabbynse Judaïsme om *Yom Teruah* na *Rosh HaShanah* om te skakel!

Dit is dus 'n geskiedkundige feit dat die ontstaan van *Rosh HaShanah* in Babilon was en dat dit 'n afgodsfees is wat 'gejudaïeser' is. Gedurende die vierde eeu voor Messias, toe die Jode na Jerusalem teruggekeer het om die tweede tempel te bou, was die gebruike en betekenis van *Rosh HaShanah* reeds goed gevestig gewees. Babilon het nog vir vele jare die sentrum van Judaïsme gebly en dit was waar die Babiloniese Talmud ontstaan het.

Nehemia Gordon van die Torahgetroue Karaiëte skryf die volgende:

*It is outright bizarre to celebrate Yom Teruah as New Years. In contrast to Babylonian paganism, the Torah does not say or imply that Yom Teruah has anything to do with New Years. On the contrary, the Feast of Sukkot (Booths), which takes place exactly two*

*weeks after Yom Teruah, is referred to in one verse as “the going out of the year” (Exodus 23:16). This would be like calling January 15 in the modern Western calendar “the going out of the year”. the Torah would not describe Sukkot in this manner if it intended Yom Teruah to be celebrated as a New Years (How Yom Teruah Became Rosh Hashanah en is beskikbaar by <http://www.nehemiaswall.com/yom-teruah-day-shouting-became-rosh-hashanah>).*

Die meeste hedendaagse Jode ken hierdie Vasgestelde Tyd van YHVH as *Rosh HaShanah* en nie as *Yom Teruah* nie. Soos reeds genoem, word *Rosh HaShanah* beskou as die geboortedag van die wêreld. Op hierdie dag, so word geglo, het YHVH Sy skepping voltooi.

Indien ons egter die afgode oorsprong van *Rosh HaShanah* besef, en dit steeds gedenk, dan mis ons die doel en betekenis van *Yom Teruah*! Dan is ons deel van die misleiding van Rabbynse Judaïsme en het ons deel aan hulle sondes!

**Slotsom:** *Rosh HaShanah* is nie deel van YHVH se Vasgestelde Tye nie! Laat ons hou by die waarheid soos in Torah opgeteken is, want *Rosh HaShanah* is die bewys van hoe Rabbynse Judaïsme by Torah kan byvoeg en wegneem! Hoekom wil gelowiges wat Yeshua as Messias bely die tradisies van Rabbynse Judaïsme blindelings volg?

Joseph Herrin lewer die volgende kommentaar op diegene wat Rabbynse Judaïsme blindelings volg:

*When I observe Christians mindlessly imitating the behavior of apostate Jewish rabbis who have rejected Yahshua as their Messiah, I marvel, wondering what errors of the rabbis they will not imitate. To follow the behavior and traditions of men without testing them against the Spirit and the Word of God is not wisdom. It is little wonder that these same individuals embrace other errors associated with apostate Judaism such as celebrating Hanukkah, wearing the kippah or tallit, adorning themselves, their homes, or churches with the Luciferian symbol falsely called the Star of David, or mimicking the Sabbath candle-burning rituals which are a form of witchcraft (Attractive Deception – The False Hope of the Hebrew Roots Movement).*

Soos die Christendom ‘n heidenfees ‘verchristelik’ het en dit kersfees genoem het; net so het die Jode ‘n heidenfees ‘gejudaïseer’ en dit *Rosh HaShanah* genoem. Daarom moet ons gehoor gee aan die opdrag van ons Meester Yeshua in Open. 18:4:

*Ek het ’n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4.*

Gaan uit haar – uit die Christendom en uit Rabbynse Judaïsme – uit my volk!! Yeshua het gesê dat as ons in Sy Woord bly, is ons sy dissipels en dan sal die waarheid ons vrymaak!

<sup>31</sup>*Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My <sup>32</sup>en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.” Joh. 8:31 en 32.*

### **Bepeins of Bespreek.**

3. Ons het vir jare die geestelike leiers van die Christendom blindelings gevolg sonder om vrae te vra en self hulle leerstellings te ondersoek. Nou gebeur dieselfde met gelowiges wat Rabbynse Judaïsme blindelings volg! Die Engelse gesegde vir so iets is: *To jump out*



*of the pan into the fire!* Onthou wat Paulus in 2 Tim. 2:15 aan Timotheus geskryf het – ons moet YHVH se woord van die waarheid reg sny!!

4. Ten opsigte van Rabbynse Judaïsme openbaar sommige die gesindheid van: *I have made up my mind, don't confuse me with the facts!* En dan word daar ook dikwels gesê dat ons terwille van eenheid die huis van Juda moet volg. In die lig hiervan kan ons dan ook terwille van eenheid saam met die Christendom kersfees vier! Is dit wat die Vader van ons verwag? Is eenheid sonder die absolute waarheid van Yeshua, en van die Woord van Waarheid, ware eenheid in YHVH?

### **‘n Hart om te verstaan**

<sup>2</sup>Moshe het die hele Yisra'el geroep en vir hulle gesê: “Julle het alles gesien wat יהוה in Egipteland voor julle oë aan Farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het, die <sup>3</sup>groot toetse wat jou oë gesien het, daardie groot tekens en wonders. <sup>4</sup>Tog, tot vandag toe, het יהוה julle nie ‘n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie. Deut 29:2 tot 4.

Moses weeklaag oor die feit dat Israel steeds nie die begrip, wil en emosie het om YHVH se liefde en goedertierenheid te verstaan nie, asook nie die oë het om dit te sien of die ore om dit te hoor nie. Met hierdie woorde het Moses nie net na die verlede verwys nie, maar ook profeties gespreek wat in die toekoms met Israel sal gebeur.

Moses het oor hierdie geestelike toestand van Israel geweeklaag omdat hy geweet het dat sy volksgenote ‘n ‘hartprobleem’ het wat alleenlik deur Yeshua self opgelos kon word.

Esegiël spreek hiervan toe hy geprofeteer het:

*En Ek sal hulle een hart gee, en ‘n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle ‘n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my ‘n volk wees, en Ek sal vir hulle ‘n God wees. Eseg. 11:19 en 20.*

Die vraag wat ons wat teruggekeer het na ons Hebreeuse wortels ook moet vra, is of ons nie ook ‘n hartprobleem het nie? Is ons nie ook soos Israel van ouds wat steeds nie die begrip, wil en emosie het om YHVH se liefde en goedertierenheid soos dit deur YHVH se liefdevolle omgee in Yeshua aan ons geskenk is, te verstaan nie?

Ek het voorheen die vraag gevra of die Messiaanse Beweging nie daaraan skuldig is dat die liefde vir die Torah van Moses die liefde vir Yeshua vervang het nie? Is die fokus so op die Torah van Moses gerig dat die ware betekenis en doel van YHVH se onverdiende guns, soos deur Yeshua aan ons bewys is, op die agtergrond geskuif word?

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ons moet die balans vind tussen YHVH se genade soos in Yeshua aan ons geskenk is en gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies van die nuwe verbond. Sonder hierdie balans kan ons, soos die Fariseërs, die wet vereer in plaas daarvan om Yeshua Messias, die Lewende Torah, te vereer. Dan verdwyn ons vreugde in die genade van sondevergifnis in Yeshua en word dit met wetsverering vervang (wettiesheid; *legalism*).
2. Ons moet weer besin oor die betekenis en doel van YHVH se onverdiende guns, asook weer besin oor wat was die doel van die Torah van Moses!! Was dit om die mens te bring

by die punt waar hy besef dat hy hulp nodig het – die hulp van onverdiende guns in Yeshua Die Geslafd Een?

3. Ons moet altyd onthou dat Rabbynse Judaïsme nie die vreugde van sonde vergifnis deur vertrouwe in Yeshua as die Lam van God ken nie. Daarom plaas Rabbynse Judaïsme die klem op gehoorsaamheid aan die Torah van Moses. Is die Messiaanse Beweging nie ook hieraan skuldig nie, veral in die lig daarvan dat ons weet dat onderhouding van die wet van Moses geen mens kan red nie, want as ons in een opsig struikel is ons skuldig aan oortreding van die hele wet (Jak. 2:10)? Is ons pogings tot gehoorsaamheid nie juis 'n herinnering aan die onverdiende guns in Yeshua nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*